

13 OKTOBER

Skrifgedeelte Psalm 112

Fokusgedeelte: Ps 112:1,7

Welgeluksalig is dié wat die Here vrees

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid.” Dit is waarmee ons in Psalm 111 versterk is. Ons kon die eienskappe van die Here sien en in daardie lig sien dat die mens se wysheid is nie in sy vermoë nie, maar in die vrees van God. Nou kan ons versterk word in die gevolge van die vrees vir die Here.

Psalm 112 is 'n voortsetting van Ps 111. Die mens wat die Here vrees word dadelik in vers 1 salig verklaar. Hy is gelukkig en voorspoed is die kenmerk van sy lewe. Sy nageslag sal ook deel in hierdie gevolge. Kortom, sy liggaamlike en geestelike welsyn word in die hede en die toekoms verseker.

Dit klink amper te goed om waar te wees. Al is ons gelowig beleef ons tog dikwels teëspoed en lyding. Die Bybel weerspreek homself nie hier nie. Ons word hier nie mislei in 'n valse hoop nie. Hierdie versekering van voorspoed moet ons sien in die lig van die heerlike seëninge van Jesus Christus se soenverdienste waaraan ons as gelowiges deel het. Ons is salig want Christus het versoening gedoen vir ons sondes. Waar ons in Godvresendheid kortkom het Hy dit volkome volbring. Daarom kan ons ook in die vrees van die Here weet dat ons nie hoef bang te wees vir slegte tyding nie. Ons harte kan en moet vertrou op die Here, want ons sonde is weggeneem en ons sal die ewige dood nie sien nie. Christus het opgestaan en daarom kan ons gehoor gee aan sy woorde in Joh 14:1: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.”

Sing: Skrifberyming 17-1:1,5,6

Christiaan Jooste (Teologiese student)